



*In die aanloop tot die tweede Bondsvergadering van GHG gaan Skietlood ook dien as forum vir bespreking. Ds Frans Oosthuizen skryf:*

## **Die noodsaak van 'n akademiese opleiding van predikante**

Ons sou wou vra waarom mense wat daartoe geroepe is om die Evangelie te verkondig, eers 'n akademiese opleiding moet ondergaan. Ons kan mos maar net die Bybel in die hand neem en die Evangelie lees. In die Bybel word ons deur Jesus Christus self geleer om te bid. Ons word aangesê om die heilige Doop en Nagmaal te bedien, en in ons byeenkomste lofliedere tot God te sing. Die Tien Gebooie dui vir ons ons lewenspad aan. Eintlik word ons hele geloofslewe baie duidelik deur die Bybel self aangedui.

Dit is alles waar. Dit is so waar, dat hierop geen teenargument durf opgedis mag word nie.

Die probleme waarmee ons as mense egter sit, is naamlik dat die Bybel in Hebreeus en Grieks geskryf is. Dat ons 'n Afrikaanse Bybel in ons hand het, het gekom nadat ons afrikaanssprekende voorouers, Hebreeus en Grieks aan 'n akademiese instelling studeer het.

Bybelvertalings is byvoorbeeld aan die orde van die dag. So is die Bybelgenootskap huidig weer besig met 'n *nuwe* Bybelvertaling in Afrikaans. Hoe weet ons as lidmate van die kerk dat dié nuwe vertaling die ware en korrekte vertaling gaan wees?

Ons leef in 'n verwarrende kerklike wêreld met met 'n 1001 kerklike gemeenskappies. En elkeen maak daarop aanspraak dat die waarheid van die Evangelie net by hulle te vinde is. Hoe vind ons as gelowiges ons tuiste te midde van al hierdie uiteenlopende sienings en omgaan met die Evangelie? Ons kan dit slegs vind as ons mense het wat akademies goed en verantwoordelik opgelei is.

Sedert die tyd en wêreld van die Bybel het meer as 3000 jaar verloop.

In die tyd het baie dinge gebeur. Nie net in die mens se alledaagse leefwêreld nie, maar ook in die wêreld van die kerk. Soveel so dat ons vandag – na 'n lang geskiedenis – van onself praat as *Protestante*, met protestantse *formuliere van eenheid*. Waar kom dit vandaan? En juis dié vraag omdat ons aan die begin mos gesê het dat ons maar net die Bybel wil lees en, ja, net kinderlik wil glo. Ons staan vandag waar ons as Protestante staan, omdat mense soos Maartin Luther akademies opgelei is, en daarom, inderdaad net weer kon kom sê het wat die Evangelie *self* oor sonde, genade, verlossing en goeie werke te sê het.

Die Bybel self is, om dit so te stel: *100% God die Heilige Gees se werk, en tegelyk, 100% mensewerk*. Terwyl mense in 'n hebreeuse wêreld geleef het, terwyl mense in 'n griekse wêreld geleef het, het hulle die boeke van die Bybel, onder leiding van die Gees, in

en vanuit daardie tale en wêreld geskryf. 'n Teologiese student word akademies opgelei om uiteindelik met kundigheid en verantwoordelikheid die inhoud van die Evangelie vanuit daardie wêreld vandag te kan verkondig. Terselfdertyd hoor ons in die geestesoor die woorde van Paulus aan die jong dominee Timoteus: *Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was en jy ken van kleins af die heilige Skrif.* Waar die predikant die lerende ouderling in die gemeente is, moet hy of sy goed onderlê wees in die leer van die kerk. Nou verbonde hieraan loop die geskiedenis van die kerk, die manier hoe die kerk aanbid, en hoe die kerk deur al die eeue heen aan Gods Woord alleen getrou moes bly. 'n Akademiese opleiding hierin het dan die doel om sy toekomstige predikante 'n fyn onderskeidingsvermoë aan te leer: *Wat maak die hoofsaak van geloof uit?* Die kerk is, om dit so te stel, deur 'n leerskool van meer as 2000 jaar se kerk- en dogmengeskiedenis. In die 2000 jaar het die kerk met vraagstukke geworstel en aan die hand van die Bybel na antwoorde gesoek. Deeglike kennis hiervan gee aan die predikant blyk nuttige hulpmiddele om 'n ware herder vir die kudde van die Here in vandag se wêreld te wees.

Dit is op hierdie punt dan ook belangrik om 'n onderskeid te tref tussen 'n kerklik-akademiese opleiding van predikante aan die een kant, en 'n akademiese opleiding van predikante waarin die Bybel bloot gesien word as 'n boek wat deur mense geskryf is

vanuit hulle persoonlike lewenservaringe.

In ons dag probeer teologiese geleerdes, wêreldwyd, die Evangelie wetenskaplik aanvaarbaar te maak. Jesus Christus kon volgens hulle denke nie werklik *liggaamlik* uit die dood opstaan nie. Die soort van uitgangspunte vind ons in boeke soos *Fatherless in Galilee*. Hierdie *teologiese wetenskaplikes* meen dat hulle die wêreld, wat vandag dan nou uit en uit *wetenskaplik georiënteer* sou wees, 'n groot verlossing bring. En dit naamlik om nie meer in onmoontlikhede soos 'n *liggaamlike opstanding uit die dood te* hoef te glo nie. 'n Kerklik-akademiese opleiding beskou nie die *wetenskap* en *geloof* as teenoorstaandes van mekaar nie. *Geloof* omsluit alles. 'n Kerklik-akademiese opleiding van predikante het sy begin- en eindpunt *in die geloof*.

Ten slotte moet ons in ag neem dat ook die predikant se werk in die gemeente van die Here, met vuur getoets sal word, soos ons daarvan in 1 Korintiërs lees. Om hierdie rede sal elke geleentheid aangegryp word om toe te sien dat 'n predikant net die beste beskikbare opleiding ontvang. Tot behoud van die gemeente van die Here, en van die predikant self. Daarom kan dit nie anders nie dat met iemand se aanvaarding in die kerk as predikant, hy of sy daarmee bely dat God die Heilige Gees ook aan hom of haar die vaste wete geskenk het om met al hulle gawes, kennis en talente, slegs die eer van die Heer voor oë te hou.

**Ds Frans Oosthuizen**